## OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

**KONSEP VERORDENING INSAKE INFORMELE HANDEL**

Kennis geskied hiermee dat die Munisipaliteit voornemens is om bogemelde verordening, aan te neem.

Die gemeenskap word ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering, Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) uitgenooi om vertoë met betrekking tot die beoogde verordening aan die Munisipaliteit voor te lê deur hul vertoë voor of op 22 Oktober 2012 te rig aan die Munisipale Bestuurder (vir aandag Mnr. Desmond Lakey) by onderstaande adres of faksnommer.

Die beoogde verordening is gedurende kantoorure ter insae by die kantore van die Areabestuurders in Gansbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond, in alle openbare biblioteke in die Overstrand, die Korporatiewe Hoofkantoor van die munisipaliteit in Hermanus, sowel as die amptelike webtuiste by www.overstrand.gov.za.

Persone wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure by die onderskeie Areabestuurders in Gansbaai, Stanford, Hermanus of Kleinmond besoek aflê waar daardie persone gehelp sal word om hul kommentaar of vertoë op skrif te stel. Die aangewese Areabestuurders is soos volg:

Gansbaai, Stanford : F Myburgh
Hermanus : D Kearney
Kleinmond : C Jonkheid

**C GROENEWALD**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

Overstrand Munisipaliteit
Posbus 20
HERMANUS
7200

Faksnommer: 028-313 8030

Kennisgewingsnommer: 64 / 2012